nb UITGEWERS PUBLISHERS

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books

Reëls: NB-Uitgewers se Groot Afrikaanse Romanwedstryd 2018

1. Die sluitingsdatum is 1 September 2017. Inskrywings word vanaf 1 Januarie 2017 aanvaar.
2. Daar is vier pryse op die spel:
   Eerste prys: R200 000
   Tweede prys: R 70 000
   Derde prys: R 40 000
   Debuutprys: R 40 000
3. Vereistes: Daar is geen voorgeskrewe lengte of tema nie. Die manuskrip moet in Afrikaans wees.
4. Stuur jou inskrywing, vergesel van ’n dekbrief met die volgende inligting: jou naam, adres, kontaknommer, e-posadres, en die titel van die werk. Op die manuskrip mag die naam van die skrywer nêrens verskyn nie, slegs die titel van die roman.
5. Dui asb aan by watter druknaam van die NB-Uitgewersgroep jy graag jou roman wil voorlê: Tafelberg, Human & Rousseau, Queillerie of Kwela Boeke. NB-Uitgewers behou die reg voor om op die finale druknaam te besluit.
6. Inskrywings moet op A4-velle getik of uitgedruk wees, met dubbelspasiëring en breë kantlyne, net aan een kant van die vel. Die organiseerders is nie aanspreeklik vir die verlies van enige inskrywing nie, en ontvangs sal per e-pos of telefonies erken word.
7. Geen manuskripte sal teruggestuur word ná afloop van die wedstryd nie.
8. Geen elektroniese inskrywings sal aanvaar word nie.
9. NB-Uitgewers onderneem om die wenromans te publiseer en behou ook die eerste opsie om enige van die ander inskrywings te publiseer
10. Terwyl inskrywings onder oorweging is, mag hulle nie elders voorgelê word vir publikasie totdat NB-Uitgewers skriftelik bevestig het dat hulle nie gepubliseer sal word nie.
11. Inskrywings word streng anoniem beoordeel. Skrywers word dus gevra om seker te maak dat hul naam slegs op die titelblad van die inskrywing verskyn en nêrens elders nie.
12. Elke inskrywing moet vergesel word van ’n inskrywingsvorm (of afdruk daarvan) wat volledig voltooi en geteken is.
13. Deelnemers mag nie onder ’n skuilnaam inskryf nie.
14. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
15. Die borge en organiseerders word gevrywaar teen enige eise of voorvalle wat uit die romanwedstryd of die benutting van pryse kan spruit.
16. Die mediavennote behou die reg voor om uittreksels uit die wenboeke te publiseer.
17. Wenners moet bereid wees om media-onderhoude en fotosessies toe te staan.
18. Rig enige navrae aan:
    Sadé Walter, Posbus 879, Kaapstad, 8000
    telefoon: 021 406 2651
    e-pos: romanwedstryd@nb.co.za

NAAM:.....

ADRES:.....

.....

.....

POSKODE:..... **TELEFOON: H** ..... **W** ..... **Sel** .....

FAKS (INDIEN ENIGE): ..... **E-POS (INDIEN ENIGE)**:.....

TITEL VAN INSKRYWING:.....

KIES SLEGS EEN DRUKNAAM WAAR JY JOU MANUSKRIP WIL VOORLÊ:
TAFELBERG | | **HUMAN & ROUSSEAU** | | **QUEILLERIE** | | **KWELA BOEKE** | |

Hiermee verklaar ek dat my inskrywing my eie, oorspronklike en ongepubliseerde werk is. Ek het nog nie vantevore hierdie manuskrip aan enige redakteur of uitgewer in die NB-uitgewerstal voorgelê nie. Ek aanvaar bogenoemde reëls en sal daarby hou.

HANDTEKENING: .....

Stuur dié vorm saam met u inskrywing aan:
Vir aandag: Sadé Walter, NB-Uitgewers Groot Afrikaanse Romanwedstryd 2018 (dui voorkeurdruknaam in hakies aan), Posbus 879, Kaapstad, 8000